# DISSIPLINEBELEID:

- Geen vorm van diskriminasie mag in die uitvoering van die beleid plaasvind nie.
- Geen taalvaardigheidstoets mag afgeneem word van voornemende leerders te Jacobsdal Primêre Skool nie.
- Geen onderrig mag vir enige leerder geweier word indien hy/sy nie Lolt van dié skool aanvaar nie.
- Geen leerkrag mag afwyk van hierdie beleid nie.

**TUGKOMITEE:**

Die tugkomitee word deur die skoolhoof aanbeveel en deur die Beheerliggaam goedgekeur. Die komitee ondersoek en hanteer ernstige wangedrag [Kategorie 2/3] wat onder hulle aandag kom. Hulle doen die verhoor, gee die uitslag en bepaal die strawe wat deur die kind en die ouer eerbiedig moet word. Hulle skep ook geleentheid om griewe te lig en hanteer die stelsel effektief soos deur die SASW [84/1996] bepaal.

| | |
|---|---|
| Minimum lede waaruit die komitee moet bestaan : | Voorsitter en Lid van die Beheerliggaam |
| | Skoolhoof |
| | Departementshoof |
| | Graadhoof of koshuisverteenwoordiger |

Daar moet ten minste 3 Beheerliggaamlede op die komitee verteenwoordig wees. Tydens verhore word die aanklaer deur die skoolhoof aangewys.

Hierdie komitee sit soos sake dit vereis en moet ouers ten minste 5 dae gleentheid gee om op skrywe te reageer. Ouers moet ontvangserkenning teken en terugstuur. Die verhoor mag nie binne 5 dae vanaf datum van ontvangs plaasvind nie.

**DISSIPLINÊRE STAPPE:**

Indien enige van SMT, Akademiese Komitee, Leerkragte hulself skuldig maak aan enige wangedrag, diskriminasie en weerhouding van enige punt van hierdie beleid sal hy/sy aangekla word en die nodige tugstappe, soos uiteengesit in die Departement se dissiplinêre beleid, sal dan gevolg word.

Hierdie beleid moet jaarliks tydens die eerste ouer- en Beheerliggaamvergadering deur die ouers en die Beheerliggaam goedgekeur word

Die sukses van enige skool, insluitende hierdie skool, hang in baie groot mate van die doeltreffendheid van die skool se dissipline af. Dit maak nie saak hoe goed ‘n opvoeder hom voorberei of hoe goed gemotiveerd hy is nie, sy vermoë om ‘n klas te DISSIPLINEER, sal die deurslaggewende faktor wees.

As volwassenes en gesagsdraers moet ons as opvoeders die onvolwasse leerder help tot gehoorsaamheid. Ons kan dit alleenlik doen deur doeltreffende dissipline toe te pas. Ons besef dat TUG in sy verskillende vorms die mees doeltreffende metode is om die leerders te dissiplineer. Verder vereenselwig ons ons met die volgende definisie en doel van Tugtoepassing in ons skool.

Om deelhebber aan die bestaanswyse van die mens te kan wees, moet die mens homself kan beheer. Hy moet hom aan sowel uiterlike as innerlike dissipline kan onderwerp. Om die kind op te voed beteken om die kind te help om uit eie beweging die beskawingsmondigheid te aanvaar. Vryheid is daarom ook die hoogste opvoedingsdoel en TUG is die middel waardeur ons die kind lei om vry te word van onbeheerste drange en dus vry tot die aanvaarding van verantwoordelikheid.

Ons besef dat in die skool straf ‘n onontbeerlike hulpmiddel is om orde te handhaaf. Hiermee word nie ‘n stelsel van geweldpleging en dwangmaatreëls be-oog nie. Doeltreffende tug maak nie staat op intimidasie en vrees nie. Die doel is om sonder toorn en trane te tug. Ons aanvaar dat straf vanuit ‘n opvoedkundige oogpunt vanuit die volgende beginsels geskied:

a) Die doel van die straf moet duidelik wees.
b) Die daarstelling van ‘n eenvormige toepassingsbeleid van strafmaatreëls.
c) By te dra tot positiewe dissipline.
d) Rehabiliterend op te tree.

**AANNAMES:**

- Dat skoolreëls in plek is.
- Dat krediete/puntesisteem administratiewe lompheid skep.
- Dat detensie op ‘n Vrydagmiddag kontraproduktief is.

**<u>KATEGORIEË:</u>**

**Kategorie 1:** **Ligte oortredings / Ongereeld**

- Leerkragte hanteer dit self en rapporteer dit nie by skoolhoof.
- Eerste oortreding: Teken nie aan op gedragskaart, praat en lei die leerder
- Indien oortreding herhaal op dieselfde dag of periode, teken aan op gedragskaart en volg dan die dissiplinêre prosedure deur dit eerstens onder die hoof se aandag te bring vir kennisname en tweedens ‘n gepaste straf daarvoor te gee.

Kategorie 1 oortredings word kategorie 2 oortredings indien dit herhaaldelik [Meer as 3 per week] voorkom en prosedure geen positiewe uitwerking op leerder het nie. [Leerkrag oordeel na bespreking met bestuurspan / kollega]

**Kategorie 2:** **Erger oortredings / Meer gereeld**

***Al hierdie oortredings moet onder die skoolhoof se aandag gebring word. Skoolhoof teken die gedragskaart.***

- Stap 1 – Eerste - Aantekening op gedragskaart. Leerkrag berispe / vermaan / waarsku / verduidelik die erns van die oortreding en die konsekwensies asook die straf daarvan /-voor aan die leerder.
- Stap 2 – Tweede - Teken aan op gedragskaart. Maak aantekening in leerder se huiswerkboek en/of werkboek vir aandag “Die ouer” en ken ‘n bypassende straf toe.
- Stap 3 – Derde - Teken aan op gedragskaart. Skoolhoof doen berading / teregwysing en kontak ouers telefonies of per skrywe en bring dit onder hul aandag. Verneem of hul van vorige oortreding bewus is en versoek ernstige optrede en berading aan kind.
- Stap 4 – Vierde - Die skoolhoof ontbied ouers met gesprek waar kind ook teenwoordig is
- Stap 5 – Vyfde - Leerder verskyn voor tugkomitee en ‘n bypassende straf of skorsing aan/van leerder indien skuldig bevind word.

**Kategorie 3:** **Baie ernstige oortreding/s**

*Evalueer die oortreding deur na die volgende punte te kyk om te bepaal vir watter kategorie die leerder se oortreding kwalifiseer.*

* *Wat is die leerder se omstandighede?*
* *Kyk na alle verslae en gedragskaarte?*
* *Wat was die leerder se motief?*
* *Onder watter omstandighede het die leerder oortree?*
* *Vorige rekord. [Kyk na vorige jare ook]*
* *Watter stappe wat gevolg gaan word/strawwe gaan die beste vir die spesifieke kind wees?*

- Stap 1 - Teken aan op gedragskaart. Bring dit dadelik onder die aandag van die skoolhoof. Die tugkomitee doen ‘n verhoor en bypassende straf of skorsing met skuldigbevinding.

***<u>OORTREDINGS:</u>***

| | **KATEGORIE 1 /2 OORTREDINGS:** | | **KATEGORIE 2/3 OORTREDINGS:** |
|---|---|---|---|
| 1 | Afknou / Intimideer / Dreig [Nie fisies] | 1 | Aanranding / Boelie op skoolterrein |
| 2 | Afwesig by skool en afrigting – sonder verskoning | 2 | Besit / gebruik van vuurwapens |
| 3 | Afwesig by wedstryde / koor / kultuur ens. | 3 | Besit van ongewenste leesstof |
| 4 | Baklei sonder fisiese kontak. | 4 | Diefstal |
| 5 | In besit van aansteker / sigarette / bewus | 5 | Dislojaal teenoor skool |
| 6 | Beskadig eiendom moedswillig | 6 | Drankbesit / gebruik / handel |
| 7 | Etery – verbode plekke / tye / kougom | 7 | Dwelmbesit / gebruik / handel |

| | | | |
|---|---|---|---|
| 8 | Gevaarlike speelgoed / voorwerpe / blaaspype ens. | 8 | Dwelm / Alkohol / rook / onsedelike dade toeskouer |
| 9 | Grafitti | 9 | Kriminele oortreding |
| 10 | Grimering | 10 | Weier teregwysing en uittart van gesag |
| 11 | Houding: Arrogansie / terugpraat met leerkragte / leiers / volwassenes. | 11 | Onwelvoeglike dade / voorstelle / taal / briewe en oneerlikheid |
| 12 | Handig nie erkenningsbewys van ouers in nie. Nuusbriewe / Afskeurstrokies | 12 | Handel dryf op skoolterrein. Entrepreneursdag wel. |
| 13 | Hare (seuns & dogters) of baard (seuns) | 13 | Rassisme / Diskriminasie |
| 14 | Huiswerk afskryf | 14 | Fisiese wangedrag tydens byeenkomste / kompetisies tuis en weg |
| 15 | Huiswerk afskryf – lener van werk/boek | 15 | Pligsversuim as leier |
| 16 | Huiswerk versuim en / of boeke vergeet | | |
| 17 | Juwele nie volgens skoolreëls | | |
| 18 | Laatkom sonder goeie rede. | | |
| 19 | Leuens vertel en onmin kweek / Opsteek | | |
| 20 | Naels nie volgens skoolreëls | | |
| 21 | Omhelsing / liefkosing op skoolgrond | | |
| 22 | Ondermyn, uitlag en uittart van gesag | | |
| 23 | Oneerbiedig / ongeskik teenoor klasleiers | | |
| 24 | Oneerbiedig / ongeskik teenoor maats | | |
| 25 | Oneerbiedig / ongeskik teenoor onderwysers | | |
| 26 | Oneerbiedig / ongeskik teenoor leiers | | |
| 27 | Oneerlik tydens toetse / eksamen | | |
| 28 | Ongehoorsaam | | |
| 29 | Ongemagtigde toegang verbode plekke | | |
| 30 | Uit klas [Buite staan] | | |
| 31 | Praat aanhoudend – klas / saal / rye | | |
| 32 | Rommelstrooi | | |
| 33 | Rook | | |
| 34 | Rook – toeskouer | | |
| 35 | Ry van stoele | | |
| 36 | Besit van selfoon tydens skoolure | | |
| 37 | Skooldrag onvolledig sonder verskoning | | |
| 38 | Snuif van gom / tippex toesighouer | | |
| 39 | Speelgoed in klas / Speel in toilette | | |
| 40 | Spuug met opset | | |
| 41 | Stokkiesdraai | | |
| 41 | Seks praatjies / boeke /sketse | | |
| 42 | Tas nie korrek sonder goeie verskoning | | |
| 43 | Tattoeërmerke / inkleur van / voorwerpe op of aan liggaam | | |
| 44 | Vandalisme | | |
| 45 | Vervals handtekening | | |
| 46 | Vloek / kwetsende opmerkings | | |
| 47 | Vuil grappies / vuil praatjies | | |
| 48 | Werwing teen skool en koshuis | | |
| | | | |

**<u>VOORBEELDE VAN MOONLTLIKE STRAWWE:</u>**

- Skryf / Leer skoolreëls.
- Uitskryf van spelwoorde/sinne/paragrawe vir diktee / opstel ens.
- Spesiale stoel en bank in klaskamer.
- Oefeninge.
- Tydens klas – opruim van die terrein tydens pouse.
- Bord was / klas uitvee.
- Vir die dag/periodes in die rehabilitasieklas sit.

- In die vierkant staan tydens klas of pouse.
- Onttrek van wedstryd indien hy/sy in span moet speel.
- Neem voorregte weg.
- Slaansak boks vir die periode.
- Toesprakie / Liedjie / voordrag tydens saalperiode.
- Maak hom/haar die klasleier of monitor
- Staan in die klas tydens les
- Eie toepaslike en billike strawwe.

**MOENIES:**

- Uit klas stuur en buite sig nie.
- Kinders voor maats intimideer of emosioneel afkraak nie. [Tel jou woorde / Dink voor jy praat]
- Sarkasties wees en verkleineer nie.
- Fisies straf – slaan / knyp / klap ens.
- Nie onbillike strawwe gee nie. Bv: [Kwartaal elke pouse sit omdat boek by die huis vergeet het.]

**VOORKOMENDE MAATREëLS:**

- Bespreek klaskamerreëls in samewerking met leerders.
- Skep geleentheid vir lig van griewe
- Altyd stiptelik in klas
- Altyd voorbereid
- Altyd leerders konstruktief besig hou.
- Beperk los atmosfeer en grappies. Verduidelik leerders dat elke ding 'n tyd het.
- Skoolreëls in klaskamer opplak. [Bespreek dit met hulle]
- Insidente boek / gedragskaarte / klasverlaatregister op datum hou en inhandig
- **Stuur ook besonderse positiewe optrede na hoof**
- Meriete-toekenning vir goeie gedrag in saal / klas / sportveld. U eie stelsel as u wil.
- Konsekwente optrede en toepassing van dissipline deur alle leerkragte
- Stel u die voorbeeld van werk- en Jakkietrots.
- Kom u die reëls stiptelik na en lewer uitstaande diens aan u kliënte.
- Warm, spontane oop kommunikasieverhouding met leerders gebasseer op vertroue en respek

**ALGEMEEN:**

- Streng rekord moet van elke kind se oortredings en strawwe deur die leerkrag/skoolhoof gehou word vir ouers se kennisname op ouerklasbesoeke of op navrae deur die skoolhoof of ouers.
- Handig gedragskaart gereeld in vir kontrole en plaas kaarte aan einde van die jaar in leerder se Edlab-lêer of profiel-lêer.
- Moet nie afwyk van die beleid nie. U doen dit op eie risiko.